higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1120**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Tweede Vraestel)

(9090154)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

1.1.1 Kompensasie

1.1.2 Fantasie

1.1.3 Repressie

1.1.4 Verplasing

1.1.5 Regressie

1.1.6 Sublimasie

1.1.7 Bewuste

1.1.8 Onderbewuste

1.1.9 Onbewuste

1.1.10 Nabootsing

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Basiese behoeftes is hoofsaaklik biologies van aard.

1.2.2 Biologiese motivering is 'n impuls wat gedrag as gevolg van 'n verdronge geheue inisieer.

1.2.3 Instink word omskryf as 'n poging om balans te herstel.

1.2.4 Ons is vir ons gedrag verantwoordelik.

1.2.5 Die ware motiewe van die mense om ons is gewoonlik duidelik.

1.2.6 Maslow se behoefteshiërargie bestaan uit nege vlakke.

1.2.7 Maslow se hiërargie is op mense en diere van toepassing.

1.2.8 Sommige behoeftes is belangriker as ander.

1.2.9 Die laaste vlak van Maslow se hiërargie kan op verskillende maniere bereik word.

Kopiereg voorbehou

1.2.10 Die lewe behoort subjektief beskou te word.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem die eerste VIER vlakke van Maslow se behoefteshiërargie en verduidelik kortliks wat elkeen behels. (4 × 2) (8)

2.2 Watter eienskappe word algemeen ontwikkel om die boonste vlak van Maslow se behoefteshiërargie te bereik? (7)

2.3 Waarom sal 'n mens die boonste vlak van Maslow se behoefteshiërargie wil bereik? (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER psigologiese motiewe wat menslike gedrag beïnvloed. (4)

3.2 Gee VIER voorbeelde van ongewone oorsake van spanning. (4)

3.3 Noem DRIE tipes doelwitkonflik en gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

3.4 Vergelyk *frustrasie* en *konflik*. (3 + 3) (6)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem AGT basiese reëls wat 'n mens by die hantering van mense in gedagte moet hou. (8)

4.2 Gebruik voorbeelde om die verwantskap tussen fisiologiese en psigologiese dryfkragte van menslike gedrag te verduidelik. (4 × 2) (8)

4.3 Watter faktore sal 'n mens in die werkplek gemotiveerd hou? (4)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Gee VIER voorbeelde van sosiale dryfkragte. (4)

5.2 Noem en verduidelik TWEE tipes homeostase. (2 × 2) (4)

5.3 Verduidelik hoe die onbewuste menslike gedrag beïnvloed. (7)

5.4 Waarom is dit belangrik dat mediese personeel vir ander mense omgee? (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou